

BYLAE D

HOËRSKOOL EBEN DÖNGES VERBODE-MIDDEL-BELEID

1. AGTERGROND

Volgens die skool se beleid, word die **gebruik** van verbode middels as die **misbruik** van verbode middels beskou. As deel van die beleid: die in besit wees van 'n verbode middel of **Dwelmverwante aparate** = die misbruik van 'n verbode middel EN onder die invloed van 'n verbode middel = die in besit wees van 'n verbode middel of **dwelmverwante aparate**.

Die skool sal sodanige oortredings ernstig straf. Dit raak die leerders, ouers, skool en die polisie as leerders verbode middels gebruik.

1.1 Die gebruik van verbode middels word, om die volgende redes, as 'n probleem beskou:

1.1.1 Dit meng in met die leervermoë van leerders.

1.1.2 Leerders is minder gemotiveerd.

1.1.3 Dit is onwettig.

1.1.4 Dit kan 'n gesondheidsrisiko inhou (ongelukke/psigologies/ fisies).

1.1.5 Dit kan lei tot handel dryf in verbode middels en ander, ernstiger misdade.

1.2 Dit is 'n probleem as verbode middels by die Hoërskool Eben Dönges gebruik word omdat:

1.2.1 Die reputasie van die skool, en dus ook die leerders, daaronder ly.

1.2.2 Die skool sy plig teenoor die leerders versuim as hy nie die skoolomgewing vry van verbode middels hou nie.

2. WAAR EN WANNEER DIE BELEID VAN TOEPASSING IS

Dié beleid het betrekking op die skool en almal op die skoolgrond. Dit sluit ook te alle tye ingeskrewe Eben Dönges-leerders in skooluniform in en/of leerders wat by die een of ander skoolbedrywigheid betrokke is.

Dit is die skool se beleid dat geen leerder ooit vrygeskeld sal word ten opsigte van die gevolge soos uiteengesit in die Verbode-middel-beleid nie.

3. ALGEMEEN

3.1 Die skool is besorg daarvoor dat dwelmmisbruik tot ernstiger misdade in skole lei.

3.2 Die Verbode-middel-beleid sluit dwelms op voorskrif in.

3.3 Die Hoërskool Eben Dönges sal, met die toestemming van individuele ouers, leerders aan urine- en ander noodsaaklike toetse onderwerp, sou misbruik vermoed word.

- 3.4 Ouers/voogde sal finansiëel aanspreeklik wees vir enige uitgawes wat aangegaan sal word ten opsigte van 'n dwelm-/alkohol-verwante voorval (toetse, rehabilitasieprogram, mediese sorg, ens.), tensy alternatiewe reëlings met die skool getref is.
- 3.5 Die skool sal inligting in verband met dwelmmisbruik inwin vir navorsings- en kontroledoeleindes.

4. PUBLISITEIT

Die skool se Verbode-middel-beleid sal beskikbaar gestel word aan:

- 4.1 ingeskrewe leerders en ouers
- 4.2 voornemende leerders en ouers
- 4.3 die publiek (op versoek)

5. OPVOEDKUNDIGE DOELSTELLINGS

Die skool glo dat leerders onderrig oor dwelms op voorskrif, tabak, alkohol, dagga en sterker dwelms moet ontvang. Die skool sal opvoeding vir alle ouderdomsgroepe, ten opsigte van al die kategorieë, voorsien. Die oordrag en inhoud rakende dwelms op voorskrif, sal slegs feitelik wees, maar ten opsigte van alle ander kategorieë, sal dit so skrikwekkend moontlik voorgestel word.

- 5.1 Dié onderrig sal op die volgende maniere geskied:
- 5.1.1 Inligting sal op aanvraag beskikbaar wees
- 5.1.2 Sprekers van buite sal gebruik word
- 5.1.3 Video's sal vertoon word
- 5.1.4 Gerehabiliteerde verslaafdes sal uitgenooi word om met die leerders te praat. Die skool glo nie dat onderrig dwelmmisbruik sal aanmoedig nie, of dat leerders 'n groter belangstelling in dwelmmiddels sal ontwikkel nie. Die skool glo juis dat opvoeding jong volwassenes in staat stel om ingeligte keuses te maak.

6. REËLS EN REGULASIES

- 6.1 Die skool is gekant teen die gebruik van "wettige" dwelmmiddels (alkohol en tabak) en die gebruik van verbode middels. Hierdie skoolbeleid is van toepassing
- 6.1.1 op die skoolgrond,
- 6.1.2 tydens funksies, uitstappies, of enige ander bedrywigheid wat deur die skool georganiseer word en
- 6.1.3 wanneer 'n leerder die skool verteenwoordig of in skooldrag is.
- 6.2 Die skool laat die leerders nie toe
- 6.2.1 om verbode middels te gebruik nie,

- 6.2.2 om voorgeskrewe en/of ander nie-voorgeskrewe medisyne te misbruik nie,
- 6.2.3 om oplosmiddels, middels wat ingeasem (gesnuif) word en ander chemiese middels te misbruik nie,
- 6.2.4 om alkoholiese drankies te drink nie,
- 6.2.5 om tabak of ander dwelmiddels te rook nie,
- 6.2.6 om ander dwelmverwante apparaat, soos sigaretpapiertjies, pype, ens. in hulle besit te hê nie en
- 6.2.7 om onder die invloed van alkohol of enige ander dwelmmiddel te wees nie.

7. DEFINISIES

7.1 Dwelmmiddel

Dit is enige middel wat die normale funksionering van die liggaam of brein beïnvloed/verander.

7.1.1 Algemeen beskikbare dwelmmiddels sluit in:

7.1.1.1 voorgeskrewe en ander oor-die-toonbank-medisyne,

7.1.1.2 oplosmiddels, petrol, gomprodukte, chemiese middels en

7.1.1.3 onwettige dwelmmiddels soos dagga, LSD, heroïen, kokaïen, amfetimiene, ens.

7.2 Handel in dwelmmiddels

Verkoop, koop, ruil, voorsiening, verspreiding, handel dryf, ensovoorts.

7.3 Die uitgangspunt van die beleid is:

7.3.1 'n Leerder sal gestraf word as hy/sy tabak, alkohol, dagga, ***dwelmverwante aparate*** en ander gevaarlike dwelmmiddels skool toe bring en/of onder die invloed daarvan is.

7.3.2 Die skool sal die rehabilitasie-pogings van leerders ondersteun.

7.3.3 Die skool moet in kennis gestel word as 'n leerder dwelmmiddels op voorskrif gebruik. 'n Leerder word nie toegelaat om meer as een dag se voorgeskrewe medikasie skool toe te bring nie.

7.3.4 Die geboue van die Hoërskool Eben Dönges (met uitsondering van privaat kantore) is 'n rookvrye area.

8. BELEID

Die Hoërskool Eben Dönges sal daarna streef om sy Verbode-middel-beleid af te dwing. Die skool sal dwelmmisbruik bekamp deur die polisie in hul bedrywighede op die skoolgrond, waar en wanneer nodig, by te staan.

Onkunde in verband met verbode middels sal nie as 'n verskoning aanvaar word nie. (Enige onbekende middels **of dwelmverwante apparate** moet dadelik gerapporteer en aan 'n onderwyser oorhandig word.)

Die skool behou die reg voor om leerders en hul besittings enige plek, enige tyd, tydens skoolure of skoolverwante bedrywighede, te deursoek. Dit mag met of sonder die samewerking van die polisie en/of snuffelhonde gedoen word.

9. STRAF

Die volgende stappe moet gevolg word indien 'n leerder nie voorheen aan ernstige wangedrag skuldig bevind is nie:

9.1 DWELMS OP VOORSKRIF

9.1.1 In besit van

9.1.1.1 Eerste oortreding

9.1.1.1.1 Die ouers word in kennis gestel en die leerder ontvang 'n finale waarskuwing.

9.1.1.1.2 Die dokter wat die voorskrif gegee het, word in kennis gestel

9.1.1.2 Tweede oortreding: Skorsing

9.1.1.3 Verdere oortredings: Uitsetting

9.1.2 Handel dryf

9.1.2.1 Eerste oortreding: Uitsetting

9.2 TABAK

9.2.1 In besit van

9.2.1.1 Eerste oortreding

9.2.1.1.1 Die ouers word in kennis gestel.

9.2.1.1.2 Waarskuwing

9.2.1.2 Tweede oortreding:

9.2.1.2.1 Die ouers word in kennis gestel

9.2.1.2.2 Die leerders moet 'n verpligte anti-rookprogram volg.

9.2.1.3 Derde oortreding: Skorsing

9.2.1.4 Verdere oortredings: Uitsetting

9.2.2 Handel dryf

9.2.2.1 Eerste oortreding: Skorsing

9.2.2.2 Tweede oortreding: Uitsetting

9.3 ALKOHOL

As daar enigsins 'n vermoede bestaan dat 'n leerder tydens skoolure of by 'n skoolfunksie onder die invloed van drank is, sal hy/ sy die geleentheid gebied word om sy/haar onskuld onmiddellik, deur middel van 'n bloed-alkoholtoets, te bewys. 'n Gestandaardiseerde alkohol-toetsingsmeter (byvoorbeeld 'n asemhalingstoets-apparaat) sal in die teenwoordigheid van twee senior personelede en 'n Beheerliggaamlid van die Studenteraad gebruik word. As 'n leerder weier om getoets te word, sal sy/haar weiering as erkenning van skuld beskou word.

9.3.1 In besit van

9.3.1.1 Eerste oortreding

9.3.1.1.1 Skorsing

9.3.1.1.2 Die leerder word verwys na 'n verpligte sessie saam met 'n ondersteunings beradingsgroep

9.3.1.2 Tweede oortreding: Uitsetting

9.3.2 Handel dryf

9.3.2.1 Eerste oortreding: Skorsing

9.3.2.2 Tweede oortreding: Uitsetting

9.4 DAGGA, *DWELMVERWANTE APPARATE* EN ANDER GEVAARLIKE MIDDELS

9.4.1 In besit van

9.4.1.1 Eerste oortreding

9.4.1.1.1 Skorsing

9.4.1.1.2 As die situasie dit regverdig, sal die leerder voorwaardelik toegelaat word om met sy/haar skoolloopbaan voort te gaan. Die volgende voorwaardes is van toepassing:

- a. Hy/sy moet dadelik die gebruik daarvan staak.
- b. Hy/sy moet die jeugprogram by SANCA voltooi.

9.4.1.1.3 Die polisie word in kennis gestel.

9.4.1.2 Tweede oortreding: Uitsetting

9.4.2 Handel dryf

9.4.2.1 Eerste oortreding: Uitsetting

10. REHABILITASIE- EN ONDERSTEUNINGSGROEPE

10.1 Die rapportering van alkohol- en/of dwelmafhanlikheid:

Indien 'n ouer/voog met die skool in verbinding tree, of as 'n leerder uit sy/haar eie om hulp vra, sal die leerder die geleentheid vir rehabilitasie gebied word. **(NIE VAN TOEPASSING OP DIE DAG VAN LUKRAAK TOETSING NIE.)** Dit sal onder die volgende omstandighede toegestaan word:

10.1.1 Hy/sy moet dadelik die gebruik daarvan staak.

10.1.2 Hy/sy moet 'n rehabilitasieprogram volg. Die skool moet in kennis gestel word van die plek waar die program aangebied word en hoe lank dit sal duur. Die leerder kan vir 'n periode van 'n maksimum van ses weke verskoon word as hospitalisasie vir rehabilitasie nodig is.

10.1.3 Hy/sy moet weekliks/maandeliks (afhangend van die graad van verslawing) bloed- en/of urinetoetse ondergaan. 'n Afskrif van die uitslag moet aan die skool voorgelê word.

10.1.4 Die toetse moet volgehou word vir die voorgeskrewe tyd soos deur die skool, en dokters betrokke, bepaal is. Selfs indien die toetse se uitslag negatief is, moet daarmee volgehou word totdat die skool tevrede is dat die verslawing verbreek is.

10.2 As sodanige leerder hom/haar weer aan alkohol- of dwelmmisbruik skuldig maak, sal onmiddellike stappe vir die uitsetting van die leerder gedoen word.

10.3 Die skool sal 'n koördinerende en besturende rol in die vestiging van rehabilitasieprogramme en ondersteuningsgroepe vir leerders en ouers speel. Dit word verwag dat genoemde inisiatiewe deur die groepe hieronder uiteengesit, opgestel en uitgevoer sal word.

10.4 Ondersteuningsgroepe vir ouers sal deur buite-ondernemings soos SANCA (tel. 945 4080) en die Kaapstadse Dwelmeradingsentrum (tel. 447 8026) bestuur word.

10.5 Die skool besef dat vertroulikheid belangrik is en sal poog om onderwyserbetrokkendheid by probleemgevalle, so ver moontlik, te beperk.

11. Die skool onderneem om, na aanleiding van veranderende omstandighede, hierdie beleid te evalueer en aan te pas wanneer nodig.

12. Die ondertekening van dié dokument, is 'n voorwaarde vir toelating tot die skool.